# KENNISGEWING VAN AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 9(4) VAN DIE WET OP FINANSIËLE MARKTE, 2012 (WET NR. 19 VAN 2012), VIR DIE WYSIGING VAN DIE BEPALINGS EN VOORWAARDES ONDERHEWIG WAARAAN DIE A2X (EIENDOMS) BEPERK-BEURSLISENSIE TOEGESTAAN IS

Kragtens artikel 9(4)(a) van die Wet op Finansiële Markte, 2012 ('FMA'), gee die Owerheid hiermee kennis van 'n aansoek wat ontvang is vanaf A2X (Eiendoms) Beperk om die bepalings en voorwaardes waaraan sy beurslisensie onderhewig is te wysig.

Die aard van die aansoek is om voorwaarde 3.3 van die lisensie te wysig, welke bepaling A2X tans beperk om slegs aandele in openbare maatskappye, soos gedifinieer in subitem (a)(i) van die definisie van "sekurteite" van die FMA, te noteer en te verhandel. Die voorgestelde wysiging is om voorwaarde 3.3 uit te brei sodat dit ook die sekuriteite gespesifiseer in subitems (a)(v) en (vi) van die FMA se definisie van "sekuriteite" sal insluit.

Alle belanghebbende persone wat enige besware teen die aansoek om wysiging het word hiermee gevra om kragtens artikel (9)(a)(iii) van die FMA hulle besware binne 'n tydperk van 14 sakedae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing te maak.

Hierdie Kennisgewing is gepubliseer op die amptelike webwerf van die Financial Sector Conduct Authority (FSCA) (www.fsca.co.za)

**Navrae:**
Financial Sector Conduct Authority (FSCA)
PO Box 35655
Menlo Park
0081
**E-posadres:** michael.kabai@fsca.co.za
**Telefoon:** (012) 422 2964

FSCA
Financial Sector Conduct Authority